Huppelkind
DAGSORGSENTRUM
Esna de Beer (07:00 – 17:00) 082 472 0637
Ontvangs 060 944 3940
ontvangshuppelkind@oraniacvo.co.za
skoolhoofhuppelkind@oraniacvo.co.za
Aalwynstraat Bo-Karoo Kampus Orania
Posbus 136 Orania 8752

HUPPELKIND DAGSORGSENTRUM

Sentrum vir vroeë karakter- en kinderontwikkeling

BELEIDSDOKUMENT: MEDIKASIE, GESONDHEID EN VEILIGHEID

1. GESONDHEID EN VEILIGHEID:

1.1 Kinders met simptome wat daarop dui dat hul 'n siekte onderlede het moet tuis bly, uitgesluit 'n geringe siektetoestand soos ligte loopneusie of hoofpyntjie.

1.2 Indien 'n kind by die sentrum of onder beheer en toesig van personeel van die sentrum siek raak of beseer word sal die sentrum geregtig wees om 'n ouer of voog of aangewese verantwoordelike persoon onmiddellik te kontak en instruksies te vra. In noodgevalle kan die bestuurder of personeel in hulle eie diskresie optree en mediese hulp verleen of ontbied, ongeag of die ouer of voog of verantwoordelike persoon gekontak word.

1.3 Indien daar in die sentrum 'n kindersiekte die rondte doen sal dit met die ouers gekommunikeer word. Ouers moet ook in oorleg met 'n mediese praktisyn nie hul siek kind, wat met 'n kindersiekte gediagnoseer word, laat terugkeer alvorens dit veilig vir beide die kind en ander kinders en versorgers by die sentrum is nie.

1.4 'n Mediese sertifikaat wat sertifiseer dat 'n kind volkome herstel het moet in lg. geval getoon word voordat die kind terugkeer. Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om 'n mediese sertifikaat aan die bestuurder van die dagsorgsentrum te gee voordat die kind weer by die sentrum afgelaai word.

1.5 Dit is die ouers of voogde se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle kinders se immuniserings getrou op datum gehou word.

1.6 Indien 'n versorger van die dagsorgsentrum vermoed dat 'n kind 'n aansteeklike siekte onderlede het, moet die kind se ouers onverwyld hul kind by die dagsorgsentrum kom haal nadat hulle in kennis gestel is.

1.7 Ouers moet onder geen omstandighede 'n kind met die volgende simptome dagsorgsentrum toe stuur nie: koors, ongeïdentifiseerde uitslag, erge verkoue simptome en seerkeel.

1.8 Ouers moet onder geen omstandighede 'n kind met diarree en braking dagsorgsentrum toe stuur nie. Indien 'n kind hierdie simptome ontwikkel sal die personeel van die sentrum geregtig wees om die kind onmiddellik te isoleer en/of die ouers in kennis te stel.

1.9 Kinders met kopluise mag nie die dagsorgsentrum bywoon alvorens die probleem opgelos is nie.

1.10 Kinders met ooginfeksies mag nie die sentrum bywoon totdat die probleem opgeklaar is nie.

1.11 Die Wet op Gesondheid van 1977 (Wet no 63 van 1977) geld by Huppelkind Dagsorgsentrum. Geen kind met 'n aansteeklike siekte mag die sentrum bywoon nie.

1.12 'n Afskrif van u kind se kliniekkaart en die bewys van immuniserings wat op datum moet wees, moet die inskrywingsvorm vergesel.

1.13 Die sentrum sal geregtig wees om ontvangs van 'n kind in gevalle van aansteeklike siektes en ander gevalle hierbo vermeld te weier.

1.14 Skrape, stampe ens. is deel van grootword. Die sentrum kan geen waarborg bied dat u kind nie gaan seerkry of 'n kwaal ontwikkel nie en is dit redelikerwys voorsienbaar waar 'n klomp kinders

saam is en saamspeel. Ouers en voogde se aandag word spesifiek gewys na die vrywaring wat in ‘n afsonderlike dokument (inskrywingsvorm) vervat word.

1.15 Huppelkind is ‘n antibiotika-vrye dagsorgsentrum.

1.16 Geen medikasie van enige aard word by die sentrum toegedien nie.

1.17 Die mediese geskiedenis van die kind moet op die inskrywingsvorm ingevul word: allergieë en kindersiektes.

1.18 ‘n Kontaknommer van u huisdokter moet ook op die inskrywingsvorm ingevul word.

1.19 Enige ander siektes of operasies moet ook op die inskrywingsvorm aangedui word.

1. **COVID-19-REGULASIES:**
   Genoemde regulasies geld by Huppelkind Dagsorgsentrum as ‘n geregistreerde sentrum van die Departement van Onderwys.
2. **VIGSBELEID:**
   Huppelkind Dagsorgsentrum se beleid van medikasie, gesondheid en veiligheid onderskryf die vigsbeleid van die BCVO.

Baie welkom by Huppelkind Dagsorgsentrum en die Huppelkindfamilie. Ons sien daarna uit om saam met u ‘n positiewe en opbouende rol in u kind se dagsorgloopbaan te betree.

Huppelkindgroete!

Esna de Beer BESTUURDER

Kopiereg voorbehou: Hierdie medikasie, gesondheid en veiligheids-beleidsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum Orania.

‘n Immuniseringstabel word hieronder beskikbaar gestel. Die voorgestelde tabel dien slegs as ‘n riglyn en beoog nie om as mediese advies te dien nie. Ouers/voogde word versoek om ‘n gekwalifiseerde medikus met betrekking tot die toepaslike immunisering en toediening daarvan te raadpleeg.

IMMUNISERINGSTABEL

OUERDOM	**TIPE IMMUNISERING**	**HOE EN WAAR WORD DIT TOEGEDIEN**
Geboorte	Tuberkulose	Regterarm
	Polio	Oraal
	Polio	Oraal
	Diarree	Oraal
6 weke	Saamgestelde longsiektes	Regter bobeen
	Witseerkeel,Tetanus (klem-in-die-kaak), kinkhoes, polio, griep	Linker bobeen
10 weke	Hepatitus B (lewersiekte), Diarree	Linker bobeen en oraal
14 weke	Saamgestelde longsiektes, Hepatitis B	Regter bobeen Linker bobeen
6 maande	Masels	Linker bobeen
9 maande	Saamgestelde longsiektes	Regter bobeen
12 maande	Masels	Regter arm
18 maande	Hepatitis B	Linker arm
6 jaar	Tetanus (klem-in-die-kaak), witseerkeel	Linker arm
12 jaar	Tetanus (klem-in-die-kaak), witseerkeel	Linker arm
Adisionele immunisering		
Dogters 12 jaar en ouer	Servikale kanker	Nie-dominante arm

Kopiereg voorbehou: Hierdie medikasie, gesondheid en veiligheids-beleidsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum Orania.

MEDIESE GIDS OM AANSTEEKLIKE SIEKTES TE IDENTIFISEER:

- Hoë koors is gewoonlik ‘n goeie aanduiding van infeksie. Wanneer u kind koors het, word u aangeraai om ook vir ander simptome te kyk wat infeksie kan aandui.
- Moet nie koors neem net na oefening nie aangesien oefening liggaamstemperatuur verhoog. Koors bo 37,5 is gewoonlik ‘n aanduiding van infeksie en u moet asseblief die kliniek besoek.
- Bakteriële infeksies kan met antibiotika behandel word. *Onthou egter dat bakterieë baie belangrik vir die liggaam is – moet dus nie te gou antibiotika gebruik nie – gee die liggaam kans om eers self terug te veg*.
- Virale infeksies is gewoonlik aansteeklik en u kind moet dadelik ‘n dokter of die kliniek besoek. Antibiotika het geen invloed op virale infeksies nie, maar die simptome kan behandel word. Die meeste virale infeksies kan deur inenting voorkom word.

Kopiereg voorbehou: Hierdie medikasie, gesondheid en veiligheids-beleidsdokument is die eiendom van Huppelkind Dagsorgsentrum Orania.